
BOIKANYO
SOLAR

# KWARTAAL 4 2021
# NUUSBRIEF





## WISKUNDEKAMP VIR **GRAAD 12-LEERDERS**



Die 2021-matriekklas van Hoërskool Weslaan en Hoërskool Bongani het ter voorbereiding van hul eindeksamen aan 'n driedaagse Wiskundekamp deelgeneem. Die doel van die kamp was om 224 graad 12-leerders te bemagtig en hulle in staat te stel om beter ingeligte opvoedkundige en beroepsbesluite te neem.

Leerlinge is by die kamp met die nodige vaardighede toegerus om ingeligte loopbaanbesluite te neem. Verskillende beroepsmoontlikhede en opvoedkundige rigtings is verken. Leerlinge het ook 'n verskeidenheid wiskundige vaardighede aangeleer, terwyl hulle gewys is hoe om hul wiskundige kennis te verbeter en die regte leerdoelwitte te stel.

Leerlinge het weens uitdagings wat deur die pandemie teweeg gebring is terugslae in wiskunde en wiskundige geletterdheid ervaar. Danksy die wiskundekamp was daar 'n aansienlike verbetering in die eindeksamen.

**Mr. Morolong, 'n onderwyser by Welsaan Hoërskool, verduidelik:** "Die kamp het leerlinge gehelp om vir die eindeksamen voor te berei. Hulle was gedurende die tyd wat hulle daar was baie produktief en het deur verskeie ou wiskundevraestelle gewerk om hulle vir die eksamen voor te berei. Ons verwag dat hulle goeie punte sal behaal."




## SOPKOMBUIS VIR DIE GEMEENSKAP **ONDERSTEUN**

Boikanyo Solar het drie maande se kruideniersware aan Briepaal se Sopkombuis verskaf. Die sopkombuis word deur die I M Possible Dream Sentrum , 'n niewinsgewende organisasie, bedryf.

Die organisasie voorsien vyf keer per week voedsame maaltye aan werkloses, trekarbeiders, vroue en mans wat kwesbaar is, mense met gestremdhede, kinders en straatkinders.

Die organisasie se doelwit is om armoede uit te roei deur minderbevoorregte lede van die gemeenskap te help. Dit staan ook in diens van arm en hawelose mense.

## HULP AAN **KLEINSAKEONDERNEMINGS**



15 KMMO's het vir die sakeopleiding- en mentorskapprogram ingeskryf. Die program vorm deel van die ondernemingsontwikkelingsprojek wat ten doel het om volhoubare kleinsakeondernemings te ontwikkel deur entrepreneurs in landelike gebiede op te hef en plaaslike ontwikkeling te stimuleer.

Die projek help klein en mikro-ondernemings om hul sakevaardighede te verbeter en ekonomiese ontwikkeling in hul gemeenskappe te bewerkstellig. Die opleiding het op die handhawing van winsgewende bedrywighede, die belangrikheid van klanteverhoudinge, die vestiging van sterk organisasies, sowel as die skep van aantreklike sakekonsepte gehandel.

Die inisiatief het werk geskep deur drie KMMO's as diensverskaffers aan te stel. Elk van die ondernemings het tien lede van die gemeenskap aangestel.



## VERSTERKING VAN GESONDHEIDSORG **EN SEKURITEIT BY DIE BREIPAAL-KLINIEK**

Ons is trots om aan te kondig dat Boikanyo Solar se primêre gesondheidsorgprogram in September 2021 van stapel gestuur is.

Die eerste fase van die program sluit die versterking van infrastruktuur by die Beipaal-kliniek in. 'n Metaalmaasheining en metaalhekke is geïnstalleer om sekuriteitsrisiko's aan te spreek.

Die perseel is op versoek van die Departement van Gesondheid beveilig weens uitdagings wat met inbrake en kabeldiefstal verband hou.

Ons is ook trots om te onthul dat ons tydens die tweede fase van die projek mediese toerusting aan 'n hospitaal en twee plaaslike sal voorsien. Die ondersteuning is daarop gemik om primêre gesondheidsorg meer toeganklik te maak vir die gemeenskap.

Die projek vorm deel van ons inisiatief om mediese toerusting aan gesondheidsorgfasiliteite te verskaf en infrastruktuur te verbeter.

## GEBRUIK DIÉ SES STAPPE **OM JOU HANDE TE WAS**


1
Gebruik seep


2
Vryf jou handpalms teen mekaar met vingers


3
Vryf die punte van die vingers


4
Vryf die gewrigte


5
Spoel jou hande onder die kraan af



6
Droog jou hande deeglik af

**BLY VEILIG**
#CoronaVirus
www.nicd.ac.za
www.health.gov.za

**Suid-Afrikaanse COVID-19 Hulpbronportaal:**
www.sacoronavirus.co.za

## KWARTAALLIKSE UITEENSETTING **(4RDE KWARTAAL)**

- Onderwys
- Hearts & Mind
- Vaardigheidsontwikkeling
- Welsyn
- Ondernemingsontwikkeling




## KONTAK **ONS**

**Fisiese Adres**
Boikanyo Solar Site

**Kantoorure**
Maandae tot Vrydae: 08:30 – 17:00

**Gemeenskap Skakelbeampte**
Pamela Matyeka
078 603 2958 or 063 033 4800